# WEEK 8 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS




## BEDIENING: BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (ENGO)

Onthou asseblief van die **LiG Lesersdag op 17 Maart 2018**, indien jy nog nie jou kaartjie gekry het nie, kontak hulle vandag nog by 021 949 7419/083 293 2848, of by [karin@dalajunction.co.za](mailto:karin@dalajunction.co.za), om jou plek te bespreek vir dié inspirerende oggend. Die bekende sanger André Venter, voorheen van die groep Romanz, gaan ook optree.

## GEMEENTE NUUS:




## KONFERENSIES / WERKSWINKELS / KURSUSSE:

### Trauma Konferensie… vir leraars en kerkrade:

Hierdie geleentheid vind **vanaf 16 - 18 April 2018** by die **NG Gemeente Gariepdam** (Springfontein), plaas. Klik op die **biljet** vir 'n groter weergawe om al die inligting te bekom, **bespreek asseblief vóór of op Dinsdag 3 April 2018** (onthou daar is heelwat vakansiedae tussenin, moet dus nie daarvan vergeet nie!) Hierdie is regtig 'n wonderlike geleentheid om by te woon, veral met al die trauma wat lidmate, vriende, familie, ensovoorts, deesdae ervaar… hierdie is ook 'n VBO-geleentheid.




### Dr Gustav Gous bied aan… 'n kursus in huweliksberading en vele meer:




**Die volgende geleenthede word aangebied:**

**Huwelike: 18 April 2018**, 09:00-12:30 by NG Riebeeckstad (Welkom)

**Huwelike: 19 April 2018**, 09:00-12:30 by NG Aandbloem (ENGO)

**Huwelikverrykingsnaweek: 1-3 Junie 2018**, Vry 16:00 - Sat 21:00 by Menuha (naby Brandfort) - VBO geleentheid. Klik hier vir volledige besonderhede (besprekings, kontakbesonderhede, ens)

## Lidmate Netwerk in samewerking met NG Luckhoff, bied aan:



**Rede Vir Lewe-kursus** deur **ds Piet Albertyn** op **Saterdag 12 Mei 2018** te Luckhoff Gemeentesentrum **vanaf 08:00 tot 16:00**. Die koste beloop R100pp (kursusmateriaal & verversings ingesluit). Bespreek asseblief by ds Theo Oosthuyzen, per WhatsApp of SMS op 082 388 5002, of per e-pos by **theo.explode@gmail.com.** Kom ontdek jou plek binne die Liggaam van Christus en word toegerus om ook ander in jou gemeenskap toe te rus!

## Fakulteit Regsgeleerdheid (Universiteit van die Vrystaat) bied 'n sertifikaatkursus in mediasie aan:

Mediasie as alternatief vir 'n hofgeding of arbitrasie is aan die groei en geleenthede vir geakrediteerde mediators ontwikkel. Vind gerus meer uit oor ***Free State Mediation*** **(FSM)** op hul **webblad**, lees gerus ook die **artikel** wat onlangs in *Bloemnuus* (Netwerk24) verskyn het.

Die NG Kerk Vrystaat het 'n spesiale prys van R8 250pp vir hierdie kursus **vanaf 11 tot 15 Junie 2018** beding. Kry meer inligting oor die onderwerpe wat aanbieders gaan behandel, in die **brosjure** - belangstellendes kan **vóór Vrydag 4 Mei 2018 inskryf**, klik **hier** vir die inskrywingsvorm.